

SONDAGSKOOL LES: Woord Studie - Gehoorsaamheid

Doel van les:

Ons gesels hierdie kwartaal bietjie oor moeilike woorde wat in die Bybel voorkom.

Hierdie les is aangepas uit Student-led Devotions for Youth Ministry, bl77-79, Group Publishing, Inc, Loveland, Colorado

Ysbreker: Bevele van die Koning/Koningin: Maak groepies van twee en laat die groepies 'n plek kry waar hulle verspreid oor die vertrek kan sit. In elke groepie moet daar 'n Koning/koningin en 'n dienskneg aangewys word. Knip die Koninklike bevele en dienskneg aksies uitdeelstuk in twee vir elkeen volgens hulle rolle.

Laat die konings/koninginne nou begin om hulle bevele te gee en die dienskneg moet die bevele uitvoer. Maak net seker die Koninklike bevele op die lys word gebruik en dat die kinders nie hulle eie bevele opmaak nie.

Na so 5 minute laat die kinders kom sit en vra die volgende vrae in die kleingroepe:

Besprekings vrae:

1. Hoe het dit gevoel om koning/koningin te wees? (Dit het goed gevoel; Ek het magtig gevoel; Ek wou nie regtig 'n leier wees nie)
2. Hoe het dit gevoel om die dienskneg te wees? (Dit was nie lekker nie; Ek het onbelangrik gevoel)
3. Wat was jou houding teenoor die koning/koningin? (Ek het nie van hom/haar gehou nie; Ek het besluit dit was my werk om hom/haar tevrede te stel)
4. Wil God hê ons moet wees soos die koning/koningin of soos 'n dienskneg? Verduidelik jou antwoord.
5. Hoe verskil God se bevele van die koning/koningin se bevele? (Sy bevele is nie so gemeen nie; Hy wil goeie dinge vir ons hê)
6. Hoe moet ons houding as diensknegte van God verskil van ons houding as diensknegte van die koning/koningin? (Ons moet gelukkig wees om God te dien; Ons moet meer gewillig wees om te doen wat Hy vra)

Kry terugvoering van die groepe.

Sê: Vandag gaan ons na 'n baie besonderse dienskneg van God kyk, by wie ons baie kan leer. Wat was so besonders aan haar gewees? Sy was bereid om die bykans onmoonlike, in die tyd waarin sy geleef het, te doen. Ons gaan kyk na die verhaal van Maria, Jesus se ma. Ons gaan deur haar verhaal meer leer oor gehoorsaamheid.

Eerstens wil ek vir die meisies 'n vraag vra. Wat sal jou ouers sê as jy vandag na hulle moet gaan en sê dat jy swanger is, maar jy het nog nooit by iemand geslaap nie? Ook dat 'n engel aan jou verskyn het en dat die baba die Seun van God is?

Na 'n paar minute van gelag en dalk uitdrukkings op die gesigte van skok asook "horror" stories, sê: Dis nie ver van wat Maria moes doen nie.

Kleingroep bespreking:

Lees in die groepe Lukas 1:26-38 en beantwoord die vrae:

1. Watter soort persoon dink julle sou God moes kies om die ma van Jesus te wees? ('n Getroue, gehoorsame vrou, iemand wat mooi na Jesus sou kyk)
2. Hoe dink julle het Maria gevoel toe sy uitvind wat God wou hê sy moes doen? (Bang, bekommerd, geeërd)
3. As jy in Maria se skoene was, wat sou jy geantwoord het? (Kan U nie iemand beter kry nie; wat sal my ouers sê?)
4. Wat was Maria se antwoord? (Ek is gewillig; Reg so God)
5. Hoe was Maria se reaksie soos of nie soos die diensknegte van ons ysbreker se reaksie? (Dit was soos van die diensknegte se reaksie, want sy het God gehoorsaam, Sy het gedoen wat God van haar gevra het; Dit was anders, want sy was gewillig om te doen wat God vra en van die diensknegte wou glad nie luister na die bevele nie)

Kry terugvoering van die groepe.

Sê: Maria stel vir ons 'n pragtige voorbeeld van gehoorsaamheid aan God en gewilligheid om Sy wil te doen ten spyte van wat dit haar sou kos.

Groepwerk:

Gesels in julle groepe en skryf neer wat die drie moeilikste goed kan wees wat God dalk wil hê dat julle met julle lewens moet doen.

Nadat die groepe die lys voltooi het laat hulle die drie moeilikste dinge neerskryf wat God dalk hierdie week wil hê hulle moet doen.

Lees dan in die groep Phillipense 4:19.

Sê: God belowe om in al ons behoeftes te voorsien wanneer ons Hom volg en gehoorsaam. Hy mag dalk nie wil hê jy moet 'n sendeling in Japan raak nie, maar Hy wil hê ons moet gehoorsaam wees om te doen wat Hy wel van ons vra, net soos Maria was.

Groepe sluit af met gebed.

Koninklike bevele en dienskneg aksies

Koninklike bevele

Kies enige van die bevele hieronder en beveel jou dienskneg dit uit te voer.

- Maak my skoenveters vas
- Masseer my skouers en nek
- Vryf my skoene blink
- Sit op die vloer by my voete
- Kniel voor my
- Vryf my naels blink
- Trek my skoene uit en krap my voete
- Lees vir my

Dienskneg Aksies

Doen alles wat die Koning/Koningin jou beveel om te doen sonder om te kla.